

7 November

Skrifgedeelte: Jeremia 31:1-19

Fokusgedeelte: Jeremia 31:8

Jesus Christus is nooit sonder 'n Bruid nie

Die volk van God het – deur hulle ongehoorsaamheid en hooghartigheid – hulleself vervreem van die beloofde land. En God laat hulle verwyder sodat hulle kan besef dat hulle die verbond in gedrang bring. Deur hulle verharding het hulle hulself verwyder uit God se teenwoordigheid. God is nog steeds in die land wat Hy beloof en gegee het. Dis nie Hy wat hulle verlaat het nie.

God se Jakobskerk (die volk van sy verbond) het skynbaar leeggeloop. En selfs dié wat agtergebly het in hulle land, was nie meer die naam “volk van God” werd nie. Maar – en dit staan bo alles – God het sy volk liefgehad en met geduld verdra. Daarom is hulle nie vernietig nie. God gaan haal sy volk en bring hulle terug.

Die kerk op aarde beleef oor alle eeue heen tye van geestelike groei, en dan bars die kerk uit haar nate. Dan weer dwing dwalinge, louheid, liefdeloosheid en individualisme die kerk op haar knieë. Die kerk raak ontoeganklik vir soekendes en bring verwydering tussen lidmate. En die ware gelowiges wanhoop, omdat dit lyk asof hulle geestelike tuiste verdwyn.

Maar hoe kan God sy liefingskind aan haarself oorlaat? Sy is immers die Liggaam van sy Eniggebore Seun en sy Bruid. Sy liggaam bestaan ongeag wat die mens doen. Jesus versamel sy kerk nie uit die nageslag van Jakob nie, maar vanaf die uithoeke van die wêreld. Die blindes en kreupeles word na sy feesmaal genooi.

God se kerk bestaan nie uit liggaamlik volmaakte lede nie, is nie die bloubloed-adel in die wêreld se oë nie, maar hulle wat in God se oë genade gevind het. Hulle wat deur Jesus Christus van die kruis af sy broer en suster genoem is.

Hierdie terugkeer is egter nie maklik nie. Mense breek moeilik met die bande van sonde, hulle wil terugdwing na die bekende. Maar deur sy Gees lei Jesus self sy bruidskerk terug na die feesmaal waar hulle by hulle God sal wees. Nou op aarde EN eendag in die volmaakte.

Sing: Skrifberyming 14-3:4

Ds A Venter (Pretoria-Annlin)